


NETJIES VAN BINNE OM BUITE TE GEBRUIK

Maak dié oulike houer om jou piekniekeetgerei netjies te hou



BENODIGDHEDE: Groen geruite materiaal, 1,40 m; wit materiaal met groen ruite, 1,40 m; stuk kleefkatoen van 60 x 60 cm; 66 cm rek, 2 cm breed.

AANWYSINGS: Vergroot diagram tot lewensgrootte. Trek onderdele op diagram na, teken servette ook so, rangskik onderdele op materiaal.

Sny onderdele volgens diagram uit.

Laat 1 cm vir nate toe, 2 cm vir voue. Sny skuinsband, bandjies om mee vas te maak en peermotief sonder naattoelating.

Sny uit groen materiaal: houer, flappe (2), strook van 1,20 m x 5 cm en 4 servette van 35 x 35 cm elk.

Sny uit wit materiaal: houer, peermotief, skuinsband vir omboorsel, d.w.s. voldoende stukke van 4 cm breed om strook van 1,85 m te verkry om houer mee om te boor; 4 stroke van 1,45 m x 4 cm om servette mee om te boor; strook van 60 x 4 cm om houer mee toe te bind.

Sny uit kleefkatoen: 2 houers en 1 peermotief.

OM TE MAAK: Plaas peer wat uit kleefkatoen gesny is teen agterkant van peer wat uit wit katoen gesny is, en pars dit aan mekaar vas met warm strykyster (volg aanwysings op kleefkatoen vir regte temperatuur van strykyster).

Werk peer met 'n digte sigsagsteek aan regte kant van groen materiaal vas.

Pars kleefkatoen aan agterkant van groen en wit stukke materiaal vas.

Speld rek, wat so lank moontlik uitgerek is, op strook groen materiaal van 1,20 m x 4 cm vas, vou aan albei kante 1 cm van materiaal na verkeerde kant om en stik oor hele lengte vas, terwyl rek steeds so lank moontlik uitgerek word. Daar word 3 rye stiksel gestik, in middel en aan kante.

Werk dié strook aan regte kant van wit katoen vas en stik vas met spasies tussen stiksel, soos op diagram aangedui word, sodat messegoed en servette daarin gestee kan word.

Soom 3 kante van flappe met 'n dubbele soom. Plaas flappe op wit materiaal op aangeduide plek en speld vas.

Plaas wit en groen stukke materiaal met verkeerde kante opmekaar en speld vas. Stik met sigsagsteek om kante van houer en werk tegelykertyd die flappe vas.

Stik skuinsband nou al om kante van houer.

Vou wit strook van 60 x 4 cm oorlangs dubbel, met regte kant na binne, stik lang kant toe. Keer om en sny middeldeur. Werk bande aan houer vas om houer mee toe te bind.

Bind 'n netjiese strik met bande (raadpleeg foto).

Sny hoeke van servette rond, stik skuinsband al om rande vas en werk netjies af.

